

12 September

Skrifgedeelte: Romeine 9:10-18

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 16

Die ewige uitverkiesing van God

Baie struikel oor die Bybelse leer van die uitverkiesing. Dit is al beskryf as “onbegryplik”, “wreed”, “onregverdig” en “onmenslik”. Altyd was daar pogings om hierdie leer te versag of te verwerp. In 1618 het die kerke in reaksie op sulke pogings die DL (wat elders aan die orde kom) as belydenis opgestel en dit wat reeds in Artikel 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die uitverkiesing bely word, uitgebrei en bevestig.

Is God se verkiesing onregverdig? Nooit! Volgens Paulus is dit “BARMHARTIG” (vers 16).

Miskien sal jy hierdie barmhartigheid beter verstaan as jy vir 'n oomblik die teendeel oorweeg: Hoe sou dit gewees het as God nie gekies het nie? Of, hoe sou dit gewees het as ons 'n God gehad het wat moes wag dat ons Hom kies vóór Hy ons kan kies? Die sekerheid van jou saligheid sal dan mos afhang van jou eie keuse! Wees maar eerlik, wat is meer onbestendig, onseker en veranderlik as 'n mens se keuses? Om die ewige saligheid afhanklik te maak van die vermoë van totaal sondige mense om God te kies – dis nou éérs WREED en ONMENSLIK!

Dat my saligheid afhang van God se keuse en nie my eie keuse nie is 'n ontsaglike troos en sekerheid. Hoeveel keer het ek nie al verkeerd gekies, anders gekies, droewige rondgeval tussen “ja” en “nee”, of nie die krag gehad om my keuses uit te voer nie. Dit gebeur elke dag! Nee! Gee my asseblief die Bybelse waarheid van die uitverkiesing! Ek hoef dit nie te begryp en wil dit nie gebruik om oor mense te oordeel nie, maar dit is vir my onmisbaar om regop in die geloof te bly!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~